

**Primêre Skool Fonteine**

Kleine Fonteine

Liewe ouer/s

Ons vertrou dat die aanvullende aktiwiteite wat aan u deurgegee is, reeds vir ‘n klompie kleuters ure se genot verskaf het. Daar is niks so lekker as om te speel nie, en dit nog saam met Pappa en/of Mamma, sommer boetie en sussie ook. Ons glo dat baie ouers gaan herontdek hoe lekker dit is om kind te wees.

Dit is vir ons Juffrouens belangrik dat ouers ons met die aanvullende aktiwiteite sal vertrou. Dit kom miskien voor as net speel, maar al die aktiwiteite bied vir u kleuter ‘n spontane en ontspanne leer-geleentheid. Hulle leer sonder dat hulle dit weet. Kleuters gaan vanaf gr.1 nog vir ‘n baie lang tyd blootgestel word aan leer, huiswerk en punte. Gun u kleuter om in hierdie onsekere tyd nog kind te kan wees.

Ons besef ook dat daar ouers is wat die tyd by die huis wil benut, om meer as net hierdie aanvullende aktiwiteite te doen. Alhoewel ons geensins ouers of kleuters onder druk gaan plaas nie, gee ons tog die volgende beplanning deur.

Dit is vir elke ouer se eie diskresie om dit te gebruik of nie. Sodra die skole wel open, sal ons ‘n aksie plan in plek hê om te verseker dat u kleuter nie benadeel word nie. Ons almal bevind onsself in ‘n abnormale situasie. Ouers kan tuis ‘n struktuur skep wat steeds buigsaam is.

Soos u reeds vanaf die begin van die jaar af bewus is, is dit vir ons ‘n prioriteit om met ouers te kommunikeer oor hul kleuters. Ongelukkig is ouer-afsprake soos in die verlede, nie tans moontlik nie. Die enigste kommunikasie platforms op die oomblik, is **Primêre Skool Fonteine** se **Facebook** blad en ook ons skool se webblad **www.fonnies.co.za**

U wat ‘n kleuter in Graad R het, is nog bevoorreg om net met u kleuter te kan speel by die huis, terwyl hulle leer. Gebruik asseblief hierdie tyd om ‘n goeie roetine te vestig, te hou by vasgestelde reëls, aan opruimvaardighede te werk (bv. kaste regpak en skottelgoed was) en skermtyd te beperk. Oefen asseblief om veters vas te maak, skuif meubels rond en kyk deur ou foto’s.

Alles kan oor naweke herhaal word, veral die liggaamsopvoeding en buitespeletjies. Aan die einde van elke dag gaan julle nie glo wat julle alles kon vermag het nie. Selfs die televisie gaan afgeskeep voel.

Daar is niks so lekker en goed vir ‘n kind soos onverdeelde aandag en tyd van ‘n ouer af nie. Daardie gelukkigheid kan geen geld koop nie. “Laat alles by julle in liefde geskied”

1 Korintiërs 16:14

Ons doen ‘n beroep op ouers om asseblief met ander ouers, wat nie toegang het tot die internet, hierdie beplanning te deel.

Kleine Fonteine groete